



Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

13 Januarie 2022
Nuusbrief No 1

Liewe Ouers

'n Heerlike "WELKOM TERUG BY PARKIELAND" aan al ons bestaande ouers en kleuters. Aan al ons nuwe ouers en kleuters wil ons 'n hartlike Parkieland-welkom toewens. Dit is vir ons wonderlik om u as deel van ons skool en gemeenskap te verwelkom en ons hoop dat u gou ingeskakel sal voel.

Ons as personeel se wens aan ons ouers en kleuters vir 2022 is dat u 'n geseënde jaar vol vreugde en liefde sal ondervind.

Die kleuters sal vinnig in hulle nuwe klassies aanpas. Wees verseker dat die enkele tranerige outjies baie liefdevol hanteer sal word.

Personeel:

Die personeel is voorbereid vir die jaar en sien uit na die jaar saam met u en u kind.

Neem kennis daarvan dat ons permanente Onderwysstudente in die klasse het wat as hulp dien vir die personeel. Dit is net by die Lammetjieklass wat ons 'n assistent het vir hulpverlening.

Kwartaalbeplanners:

- U ontvang volgende week die kwartaalbeplanner.
- **Let asseblief solank op die volgende belangrike datums:**
 - Eerstedag foto's:** 19 Januarie (Geen spesiale klere nodig, net haartjies netjies.)
 - Mamma-aand:** 25 Januarie
 - Pretloop:** 24 Februarie (Voorlopig i.t.v. Covid)

Parkielandsakke:

- U ontvang vanaf vandag u kleuter se Parkielandsak en -hempie by die klasonderwyseres of student.
- **Ons wil u aanmoedig om die sakke na wense te versier. Dit help die kleuters om hulle sakke uit te ken tussen die ander.**

Skoolfonds:

- Registrasiegeld van R800 is betaalbaar met inskrywing en dit vorm nie deel van die jaarlikse skoolgeld nie. Die R800 word in Januarie elke jaar op die skoolgeldrekening gehef.
- **Halfdag:** R2 856 pm per kleuter oor 11 maande, dus vanaf 1 Jan tot 1 Nov 2022 (R31 416 pj)
of
R2 618 pm per kleuter oor 12 maande, dus vanaf 1 Jan tot 1 Des 2022 (R31 416 pj)
- **Voldag:** R4 411 pm per kleuter oor 11 maande, dus vanaf 1 Jan tot 1 Nov 2022 (R48 516 pj)
of
R4 043 pm per kleuter oor 12 maande, dus vanaf 1 Jan tot 1 Des 2022 (R48 516 pj)
- Ons herinner u net daaraan dat skoolgelde voor die 7de van elke maand vooruitbetaalbaar is.
- Alle skoolgelde en ander direkte inbetalings word in die volgende bankrekening inbetaal:
 - Laerskool Menlopark**
 - ABSA 632005**
 - Tjekrekeningnr: 540 540 020**
 - Verwysing: Familiekode en van**
- E-pos asseblief u bewys van betaling aan: finansies@menlolaer.co.za indien u per internet of direkte bankinbetalings betaal het.

- Mariëtte Meyer en Karen Bothma hanteer die rekeninge. Hulle hanteer ook alle navrae rondom u Parkieland- of Laerskoolrekening.
- Die Laerskool se telefoonnommer is: 012 460 7201.
- U is welkom om 'n Debietorderopdrag te voltooi om betalings vir u geriefliker te maak.

Toegang:

- Normaalweg word die hek deur middel van 'n vingerafdruk-stelsel geaktiveer.
- Tydens Covid is die stelsel gedeaktiveer. Die hek word met 'n slot gesluit en ouers wag buite die hek vir hul kinders.

Demonstrasies van Buitemuurse-aktiwiteite:

- Al die kleuters gaan vanaf **Maandag 17 Januarie tot Vrydag 21 Januarie** tussen 11:00 en 12:00 daaglik aan demonstrasies van ons buitemuurse aktiwiteite deelneem, en sal inskrywingsvorme van al die aktiwiteite ontvang.
- Moet asseblief nie u kleuter oorlaai met aktiwiteite nie. 2 Aktiwiteite vir 'n Gr 00-kleuter is meer as genoeg.
- Aktiwiteite begin amptelik vanaf **Maandag 24 Januarie**.
- **Vul asseblief die inskrywingsvorme in en e-pos dit aan die betrokke afrigters.**
- Die 2-3 jariges neem nog nie aan hierdie aktiwiteite deel nie.

Nuusbriefe:

- Nuusbriefe word op Woensdae elektronies uitgegee.

Kleuters:

- Stuur asseblief u kleuter met ou speelklere skool toe sodat u kleuter met oorgawe aan die verskillende aktiwiteite kan deelneem.
- Vir morsige aktiwiteite sal voorskootjies/verfhempies voorsien word.
- Plaas ook asseblief 'n stelletjie klere in hulle laaitjies vir "glipsies". Merk asseblief **ALLE** klere.

Laerskool boeties en sussies:

- Leer asseblief u groter kinders om nie boeties en sussies by die skool se heining te kom groet nie. Dit veroorsaak tranerigheid by die jonger kleuters wat onnodig is.
- Naskool boeties en sussies moet asseblief ook nie by die heining kom rondstaan nie.

Wagklasse:

- Tydens die Covid tydperk ontvang alle personeel hulle kinders in hul eie klasse, en is daar nie wagklasse nie.
- Assistentente of studente gaan die kinders by die hek ontvang en na hul klassies neem.
- Berei asseblief u kleutertjie daarop voor om by die hek totsiens te sê.

Vertrektye:

- Halfdag kleuters vertrek vanaf 12:30 tot 13:30.
- Let asseblief daarop dat geen kleuter aan Laerskool boeties en -sussies afgegee sal word nie - dit geld vir die middag ook, asseblief! U gaan ongelukkig self u kleuter by Naskool by die hek **moet** afhaal.
- **Indien iemand anders u kind gaan afhaal, moet u die oggend met die klasonderwyseres reël.**

Naskool inskrywings:

- Indien u van ons Naskooldiens gebruik gaan maak, vra ons u vriendelik om die inskrywingsvorm wat gister uitgestuur was in te vul. Sodoende kan ons u Naskool-kleuter se veiligheid verseker.
- Die inskrywing sal ons in staat stel om u in geval van nood vinniger te kontak, asook aandui wie gemagtig is om u kleuter af te haal.
- Ons versoek u dus vriendelik om die meegaande inskrywingsvorm te voltooi en nie later as **VRYDAG 14 Januarie 2022** aan u klasonderwyseres terug te stuur.

Mamma-aand: Dinsdag 25 Januarie 2022:

- Hou asseblief solank hierdie datum oop sodat u heerlik saam met die personeel kan kuier.
- 'n Nuwe Ouerkomitee word ook tydens die funksie verkies.
- Die aand is spesiaal net vir die **Mammas**, en beloop om 'n gesellige aand te wees.

- Ons gaan heerlik saam kuier. Die klasonderwyseres gaan ook die klasprosedures aan u verduidelik. Daarom is dit belangrik dat almal die aand sal bywoon.
- Mamas kom in die **jongste** kleuter se klas byeen.
TYD: 18:00 – 20:00
DOEL VAN DIE AAND: Mamas leer mekaar beter ken.
Inligting oor u kleuter se dagprogram word bespreek.
Nuwe Ouerkomitee word aangewys.
- Bring 'n klein bordjie eetgoed saam om te deel met mekaar, asook 'n glas en eie drinkgoed. Bring die eetgoed asseblief in weggooibare houers - nie te veel nie asseblief, anders bly daar hope eetgoed oor.
- **Stuur asseblief 'n WhatsApp aan die klasonderwyseres om te sê of u hierdie funksie bywoon of nie, sodat ons kan weet vir hoeveel mamas om gereed te maak.**

Eerstedag-foto's:

- Die kleuters word op **Woensdag, 19 Januarie** hier by die skool afgeneem.
- Die fotograaf neem elke kind alleen af en gaan dan 'n **groepfoto** saamstel van elke klas.
- Besonderhede in verband met bestellings en kostes sal later aan u deurgegee word. Bestellings is nie verpligtend nie.
- Let asseblief daarop dat dit **nie individuele foto's is nie**.
- Individuele foto's word later in die jaar geneem.

Parkieland Riglyne:

- Saam met u Nuusbrieff ontvang u die Parkieland Riglyne. Lees dit asseblief aandagtig deur sodat u uself kan vergewis van die riglyne.
- **Moet asseblief nie skyfies, sjokolade, koekies en gaskoeldrank skool toe stuur nie.** Ongelukkig gaan dit nie toegelaat word nie.
- Dit geld vir Vrydae ook, asseblief.
- Ons doen 'n beroep op ons dogtertjie-mamas om nie hul dogtertjies met hakskoentjies skool toe te laat kom nie. Dit is ongesond vir u kleuter se voet-ontwikkeling, en lewer ook ander probleme in die klas op.
- Teken asseblief die skeurstrokie as 'n bevestiging dat u die riglyne gelees het. Ons stuur vir u 'n strokie huistoe wat u kan teken. Met die indiening van u inskrywingsvorm het u reeds ook ingestem om u by die riglyne te hou.
- Die doel van die riglyne is om u te bemagtig en gemaklik by die skool te laat voel omdat u dan weet hoe die skool funksioneer.

Veiligheid:

- Brooklyn Polisie lewer 'n uitstekende diens en waarsku altyd omliggende skole om ouers te herinner om **geen** items sigbaar in motors te los nie, seker te maak u motor is gesluit, en u aan te raai om tuis reeds items in die katterbak te plaas en dit nie in openbare plekke te doen nie.

Sportdae:

- Trek asseblief Donderdae vir u dogtertjie 'n kortbroek en hempie aan want ons doen lekker bewegingslessies - rokkies is dan in die pad.
- Vrydae kan kleuters hulle Parkieland t-hempies aantrek skool toe.

Gedagte vir die week:

"U kroon die jaar met goeie gawes. In u spore volg daar oorvloed!" Ps. 65:12

Parkielandgroete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

